NUUSBRIEF 29 VAN 2025 *4 SEPTEMBER 2025*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR:



### Groete aan al die Rynies!!

*Mnr.Wally Janse van Rensburg*



### LENTE IS HIER!

Septembermaand en lente het uiteindelik aangebreek! Na ‘n baie koue winter sien ons uit na lekker warm sonnige dae. Temperature het al klaar begin styg maar ons weet daar is jaarliks laat koue wat deurkom. Soos reeds gekommunikeer dra ons weer amptelik somersdrag vanaf **Maandag 15 September 2025.**

As daar koue dae na dit is, is leerders welkom om nog wintersdrag te dra tot die koue temperature finaal iets van die verlede is.

Om lente te vier is die leerders welkom om môre, **Vrydag 5 September lenteklere/gewone klere aan te trek. Daar is geen kostes aan verbonde nie, al wat ons vra is dat elke leerder ‘n blikkie kos saambring ter aanvulling van ons koskas ten bate van behoeftige gesinne.**



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

Dieselfde dag vind die **Gr 7 leerders se entrepeneursdag** plaas. Hierdie dag word voorgeskryf in die Gr 7 leerders se sillabus en dit val onder die vak EBW.







Die Gr 7 leerders moet 'n besigheidsplan opstel, handeldryf op die dag en moet dan hulle wins/verlies bepaal. Gee assbelief vir u kind/ers 'n ekstra geldjie op die dag om die Gr 7 leerders te ondersteun.

**Let daarop dat die skool op die betrokke dag 12:00 sluit vir al die Gr. 1-6 leerders.**

**Onthou: Gewone klere môre en geen tasse. Skool sluit 12:00 môre vir al die Gr 1-6 leerders. Gr 7 leerders bly bietjie later om op te ruim.**



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## RYNIES PRESTEER:

**Zeoné Esterhuizen in graad 3** het die afgelope naweek, 30 Augustus, by die mini Hawks stoei Dubbele goud gewen vir o/9 vroue freestyle en o/9 freestyle





**Declan Jurgens in graad 6** het algeheel 2de plek verower by die Mini Max Rotax National Final Naweek 28-30 Augustus by Zwartkops Resiesbaan.

Ons graad 2's het 'n interne Spellathon Afrikaans en Wiskunde flinkdink gehou.

**Kyle Parker in graad 2** het as die wenner uitgetree in albei.

Baie geluk Kyle!

Ons Rynies is baie trots op jou!!



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## RYNIES PRESTEER:

**Krieketsterre skitter in die LPL Krieket Toernooi!**

Ons is ongelooflik trots op ’n groep talentvolle jong krieketspelers van ons skool wat gekies was om deel te neem aan die 2025 LPL Krieket Toernooi wat deel vorm van die National Premier League (NPL). Hierdie liga bring van die beste jong spelers van regoor Gauteng bymekaar, en om gekies te word is ’n uitsonderlike prestasie. Die spanlede het in drie ouderdomsgroepe meegeding:

Die O/8-span het uitmuntend gevaar en dit tot in die finaal gemaak, waar hulle as naaswenners geëindig het.

**Van links na regs: LPL Cavalier Cats U/8 : Ulich Duvenage, WJ Pretorius en Attie Scott.**





Die O/9-span het dit tot die top vier van hul afdeling gehaal – ’n merkwaardige prestasie in ’n uiters mededingende toernooi. **Van links na regs: LPL Cavalier Cats U/9 - Levi Barnard, Kiano Muller en Kruger van der Westhuizen.**

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## RYNIES PRESTEER:



Die O/10-span het strawwe kompetisie gehad in hulle liga en beslis hul beste gegee.
**Van links na regs: LPL Cavalier Cats U/10 - Liam Havenga, Hanco van Wyk, Attie Scott, Mason Mynhardt en Roland van der Walt.**

Die O/11-span het dit ook tot die top vier van hul afdeling gehaal – ’n noemenswaardige oorwinning in n toernooi waar die kompetisie uiters sterk was. **Van links na regs: LPL Cavalier Cats U/11 – Liam du Toit en Juandre Visser.**



Alhoewel die kompetisie intens was, het hierdie seuns met moed, toewyding en sportmanskap gespeel. Hulle het nie net hul spanne trots gemaak nie, maar ook ons hele skoolgemeenskap. Ons sien uit na hul toekomstige suksesse en glo dat dit net die begin is van ’n blink kriekettoekoms.  Baie geluk aan elkeen van julle, julle het ons harte verower!

# KLEUTERSKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD

'n Paar van ons kleuterskool maats het onlangs deelgeneem aan Conspirito kunswedstryd se landsfinaal. Ons is super trots op elkeen en het die volgende uitslae verower:




**Josef Meyer Gr. R Itemwenner vir voorgeskrewe Poësie 98%**




**Miloux Nel Gr. R Voorgeskrewe Poësie 94%**




**Marina Meyer Gr. 000. Itemwenner vir voorgeskrewe Poësie 95%**



**Eleané Wolmarans in Graad RR:**
Ongedramatiseerde Poësie - Voorgeskrewe: 97%; Ongedramatiseerde Poësie - Eie Keuse 96% (Nasionale Itemwenner). Sy is uitgenooi om Conspirito se prestige funksie by te woon later die maand om sodoende erkenning te kry en om ons skool daar te verteenwoordig.




**Milla-Grace Brewis Gr. 00 Voorgeskrewe Poësie 98%**




# KRIEKET

## LAERSKOOL RYNFIELD












# HOKKIE

LAERSKOOL RYNFIELD












NUUSBRIEF 29 VAN 2025

*4 SEPTEMBER 2025*

# KULTUUR

LAERSKOOL RYNFIELD

## Spreekkore en kore:

Die Dell'Arte optredes vind hierdie week plaas. Let op na die prysuitdelingsbeleid ten opsigte van toekennings as oefeninge nie bygewoon is nie of afwesigheid met optredes.

## Kunswedstryd:

Gr. 1 - 7 moet alle kunswedstryd sertifikate en uitslae (afskrifte is aanvaarbaar) fisies by Juf. Barbara inhandig. Stuur gerus aan die registerpersoneel wat dit op die regte plek sal besorg. Geen persoonlike opsommings, e-posse of WhatsApp boodskappe word aangeteken nie. Maak ook seker dat die sertifikate terug ontvang word met briefie van Juf. Barbara. Ons kinders presteer uitstekend. Ek is baie trots op een en elke deelnemer. ***Julle is Rynie Super Sterre!***

## Landsfinale Redenaars:

Optrede vir die Afrikaans en Engelse Redenaars is 27 September. Die progam is reeds uit op die Interskole Redenaarsliga se webtuiste. Individuele Redenaars en Spanne ***MOET*** asseblief reël met Juf. Barbara of Juffrou Coffey om te oefen. Ons wil julle graag bystaan!
Kultuurgroete, Juf. Barbara

**Ons spog voort met ons Itemwenners by Dell'Arte Kunswedstryd!**




**Lea Klingenberg**
**Graad 5**

**Nathan Viljoen**
**Graad 4**



# KULTUUR

LAERSKOOL RYNFIELD



**Simeon Kruger**
**Amoré le Roux**
**Graad 2**



**Riané de Bastos**
**Graad 7**



**Ulrich Nel**
**Graad 2**



**Ruan Nienaber**
**Graad 1**



**Amelia Rose**
**Graad 1**

Hierdie **graad 6** span maak geskiedenis deur by Oppie Tong af deur te gaan na die landsfinaal vir Afrikaans én Engelse optredes!! Ons is SUPERTROTS op julle, **Carmi, Tanya, Leanay en Callum!! Callum** gaan ook deur na die landsfinaal vir Public Speaking!







**Madené van Heerden Graad 1**



**Zaria van Wyk**
**Graad 1**

Die drie junior leerders, wat deel is van die Ryniekunsklub, was itemwenners vir kuns tydens Dell'Arte se kunswedstryd.

**Melandri Cornelius - Gr. 1**
**Carli Ferreira - Gr. 2**
**Imke Rust - Gr. 3**







# KULTUUR

LAERSKOOL RYNFIELD



# HENGEL

## LAERSKOOL RYNFIELD

Ons hengelspanne het verlede naweek aan die liga finaal deelgeneem en het baie goed presteer.





**Heike Duvenage en Ulrich Duvenage het die victor ludorum en victrix ludorum behaal.**



Ons O/10 span het algeheel 3de plek gekry. **Liam Havenga; Ulrich Duvenage; Wynand Cornelius; Gunner Mowbray**



Ons Jonge Dames A-span het algeheel 2de plek gekry. **Heike Duvenage, Caitlyn Havenga, Bianke-Mari Potgieter; Anja Potgieter**



**Ulrich Duvenage** het die swaarste sak vis met 'n gewig van 95,18kg gehad. Hy het die swaarste sak in sy ouderdomsgroep asook die hele kompetisie gehad. Hy het ook in sy ouderdomsgroep die meeste vis gevang - 36 visse.





# HENGEL



## LAERSKOOL RYNFIELD

Ons O/13 B-span het algeheel 3de plek gekry. **Malan Jansen; Avril Jansen; Marcel Miessner Daniel Wilmans.**





Ons O/13 A-span het algeheel 4de plek gekry.

**Jan Pretorius**
**Cohen Herholdt**
**Nico Oosthuizen**
**Samuel Viljoen**





**Heike Duvenage** het die swaarste sak van die dogters gevang asook die meeste vis.



**Marcel Miessner** het die 2de swaarste sak gevang vir die O/13 seuns.

**4 van ons 5 spanne is deur SA's toe:**

- **O/13 B-span**
- **O/10 seuns**
- **Jonge Dames A-span**
- **Jonge Dames B-span.**



**Avril Jansen** het algeheel 4de plek gekry vir die dag.



# REVUE

LAERSKOOL RYNFIELD

## Ons bied met trots aan: "DISCO DREAMS"!

**OPTREDE DATUMS:**

Maandag, 20 Oktober @ R130pp
Dinsdag, 21 Oktober @ R130pp
Woensdag, 22 Oktober @ 130pp
Donderdag, 23 Oktober @ 130pp



**GALA AAND:**

Vrydag, 24 Oktober @ R200pp
Saterdag, 25 Oktober @ R200pp
Gala aand sluit vingerhappies, sap en wyn in.




**Sondag, 19 Oktober is kleedrepetisie saam met beligting.**

**Meer besonderhede volg.**

**Hou die dag oop!**

**Kaartjieverkope open 5 September op die Karri App**



**REVUE ROOSTER:**

**Donderdag, 4 September**
**Gr. 4 - 16:00 - 17:30**
**Maandag, 8 September**
**Gr. 4 + 5: 15:00 - 16:30**
**Gr. 6 + 7: 16:30 - 18:00**
**Donderdag, 11 September**
**Gr. 5 - 16:30 - 18:30**
**Saterdag, 20 September**
**Almal: 09:00 - 13:00**
**Maandag, 22 September**
**Gr. 4 + 5: 15:00 - 16:30**
**Gr. 6 + 7: 16:30 - 18:00**
**Donderdag, 25 September**
**Gr. 7: 17:00 - 19:00**

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



# RYNIENUUS

## LAERSKOOL RYNFIELD

## KASKARRE:















# NASKOOL

## LAERSKOOL RYNFIELD

**Belangrike datums:**



24 September – NASKOOL GESLUIT (Erfenisdag)

**Huiswerk Graad 4 - 7:**

Leerders moet asseblief seker maak hulle leerwerk is ingepak sodat hulle kan leer sodra huiswerk klaar is.

Leerders moet ook asseblief leesboeke inpak. Sommige leerders maak vining klaar met huiswerk en het dan nie werk om te doen in die huiswerkklas nie.



## SPYSKAART - NASKOOL:

Maandag, 8/9: Visburgers

Dinsdag, 9/9: Spaghetti bolognaise

Woensdag, 10/9: Hoendervlerkies met wortel & groenslaai

Donderdag, 11/9: Hoender “nuggets” en slap chips

Vrydag, 12/9: “Hotdogs”

- Elke dag vrugte en sap



## SPYSKAART - SNOEPIE:

Maandag, 8/9: T/s Spek en kaas

Dinsdag, 9/9: Gesondheids “wrap” / “Sausage roll”

Woensdag, 10/9: Rynie-Ratel Burger

Donderdag, 11/9: Hoender Poke Bowl - Bestel & betaal Woensdag

Vrydag, 12/9: **KASKARDAG**

# TEN SLOTTE

LAERSKOOL RYNFIELD




**W JANSE VAN RENSBURG**

**SKOOLHOOF**

# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD










## Race Rules:

1. The race is run in accordance with the rules of ASA and CGA. Athletes indemnify the national, provincial, and regional bodies, sponsors and organisers of the race against all or any actions of whatsoever nature, whatever same arise out of their participation in the race.
2. Registered athletes must be a member of a club affiliated with ASA.
3. Registered athletes must wear their club colours and 2025 license numbers must be worn (front & back).
4. Non-registered athletes participating in the 10km must wear a temporary license. Temporary licenses can be purchased during the entry process at an additional cost of R60. Temporary licenses are not necessary for 5km runners.
5. Foreign athletes are not allowed to run with an ASA Provincial licence and are required to purchase a temporary licence or face disqualification. (Refer to IAAF Rule 4.)
6. Foreign athletes are not allowed to run in club colours unless such a club exists in their country of origin or they are in possession of a refugee status permit or are naturalised and must produce a race number for approval.
7. Members of school teams must run in their school kit.
8. Minimum ages: 10km = 14 years. No age restriction for the 5km. Children under 10 years old must be accompanied by an adult.
9. Numeric age category ID tags are to be worn on the back and front of the vest and clearly visible to be eligible for a prize. Proof of age may be requested on race day.
10. No ear-plugged devices allowed during the race (excluding hearing aids) in contravention of IAAF Rule 144.2b that may lead to disqualification.
11. Athletes are only eligible for prizes in the race they entered.
12. Prizes will only be awarded to athletes who fill in ALL their details on their entries (online and manual). International athletes must provide a clearance letter from their country of origin to the referee in the event of winning a prize.
13. Proof of age for prize winners will be required and to be presented before prize giving. Prizes will be withheld until confirmed.
14. Objections must be lodged within 30 minutes (before or after prize giving) in writing to the chief referee accompanied by R300.00 which is refundable if the appeal is upheld.
15. Regret no wheelchair athletes due to road surface.
16. No seconding allowed.
17. 1, 2, 3 or 4 wheel carts or prams which are mechanically or manually operated by participants can participate ONLY with special permission from the race organisers and traffic authorities.
18. No animals allowed.
19. Onlineentries close on 15 October2025.

***Manual Entries*** at Benoni Northerns Sport Shop
9am - 5pm Monday to Friday | 9am - 1pm Saturdays until 18 October 2025.
***Late entries* & race number pick up** will be taken at **JAN L JORDAAN INC. ATTORNEYS OFFICES** *(1 Forster Street, Rynfield, Benoni)* on **20 & 21 OCTOBER 2025** from **09:00** to **16:00. AND ON race day** from **09h00** at **Benoni Northerns Sports Grounds**

**NOREFUNDS** intheeventthattheraceiscancelledorarunnerisunabletoparticipate.

**entry fee:** 5km – R100, 10km – R150
Temporary License Fee R60

**late entries:** 5km – R130, 10km – R200
Temporary License Fee R60

## prize money:

Prize Giving will take place at 20h30.
**10km 1st place male and female R800**
**10km 2nd place male and female R500**
**10km 3rd place male and female R300**

## other prizes:

**School** with the most online entries in the fun run. **R5000 prize!**
**School** with the first 10 athletes finishing the 10km. **R5000 prize!**
*School children must wear their school sports uniform.
Most **Corporate** BULK entries. **floating trophy**

Main Sponsor: Jan L. Jordaan Inc. Attorneys

Security By: CMS COMMUNITY MONITORING SERVICES

Timing By:

This is a CGA approved race:

WWW.BNAC.CO.ZA | RACES@BNAC.CO.ZA | 066 468 3689

# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD

